SWARTLAND WYNKELDER

Tel: 022 482 1134 • www.swwines.co.za

Besoek Swartland Wynkelder en proe ons 10 Beste Waarde-wyne!

Swartland Wynkelder is die perfekte keuse as jy op soek is na die beste waarde in wyn. In die Wine-tydskrif se Best Value Guide 2010, word Swartland as een van die drie voorste kelders in Suid-Afrika aangewys wat waarde betref omdat hierdie wyne elke keer hul belofte van gehalte, waarde en konsekwentheid nakom.

Gehalte is vir Swartland Wynkelder uiters belangrik. Ons wyne word van hand-geplukte, bosstokwingerde gemaak wat vir hul intense vrugtegeure bekend is. Die terroir word ook spesiaal gekies om die karaktereienskappe van elke kultivar te versterk. Hierdie wyne pas by enige geleentheid en daar is verseker iets vir almal se smaak.

Drie van die wyne het 10 uit 10 in die proe-beoordeling behaal. Dit sluit in Swartland Chenin Blanc 2009 met 'n uitstekende balans tussen vrugte en suurgehalte, en volheid en 'n droë smaak op die tong. Swartland Bukettraube 2009 is spesiaal omdat aanplantings van hierdie kultivar in Suid-Afrika baie klein is. Hierdie aromatiese nis-wyn met sy tropiese vrugteslaai- en speserygeure is 'n baie populêre wyn vir die warm somermaande. Swartland Rosé 2009 word van Pinotage gemaak en het 'n pragtige kleur en verfrissende vrugtegeur. Hierdie soeter wyn is verfrissend en het net 10% alkohol. Die 2009 Chardonnay het ook uitgeblink en hierdie ongehoute, vrugtige wyn is heerlik saam met salm of hoender met 'n bottersous.

As jy 'n liefhebber van rooiwyn is, kyk gerus uit vir die bekroonde 2008 Swartland Pinotage, Swartland Shiraz, Swartland Tinta Barocca en Swartland Winemakers' Choice Merlot/Shiraz. Hierdie wyne word hoog aangeskryf en pas perfek by 'n somerbraai of piekniek.

As jy meer van 'n gefortifiseerde wyn hou, probeer gerus Swartland Hanepoot of Swartland Rooi Jerepigo. Bedien veral die Hanepoot yskoud vir die ryp rosyntjiegeure om tot hul reg te kom.

Vir meer inligting oor waar ons wyne beskikbaar is, skakel 022 482 1134, stuur e-pos aan info@swwines.co.za of besoek www.swwines.co.za.

CATAPULT SWL672

Nie te Koop aan Persone Onder die Ouderdom van 18. Geniet Verantwoordelik.